**Sondag 12 Julie 2026**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:4-25 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:14-16**
**Moenie God se geduld beproef nie**

In Deuteronomium 6:4 staan die basiese geloofsbelydenis van Israel: *Die HERE is ons God, die HERE alleen.* Met hierdie belydenis op die lippe en in hulle harte moes die volk die beloofde land intrek.

Hulle sou egter weerstand moes bied teen twee groot versoekings. Die eerste was afgodsdiens. Die mense wat toe in die land gewoon het, was afgodsdienaars, wat aan baie afgode geglo het. Die Israeliete moes egter aan hulle een God getrou bly. Afgodsdiens sou vir die volk 'n groot versoeking bly, soos wat dikwels uit hulle geskiedenis geblyk het. Dink maar aan die aanbidding van Baäl in die tyd van Agab en Isebel. Die Here sou dit nie duld nie, soos ook uit die geskiedenis geblyk het. Die Here is 'n besitlike God. Hy vereis dat hulle Hom alleen aanbid en dien, anders sal sy oordeel hulle tref (vs 14, 15).

Die ander groot versoeking was onvergenoegdheid, waardeur die volk ook die Here sou beproef. Dit het geblyk uit die gebeure by Massa, waarvan ons lees in Eksodus 17:1-7 (vs 16). Toe hulle by die spesifieke plek gekom het, was daar nie water vir die mense nie. Die volk het Moses hiervoor verwyt. Het hy hulle dan uit Egipte laat uittrek om in die woestyn van dors om te kom? Die Here het wel uitkoms gegee. Die plek is Massa en Meriba genoem. Die plekname dui op verwyt en uitdaag. Vir hierdie gesindheid is die volk ook meermale in die woestyn gestraf. Dit het ook later in die beloofde land gebeur.

Onvergenoegdheid kan 'n mens van God vervreem. Dink maar aan Jesus wat met vrede in sy hart sy kruisdood tegemoet gegaan het – en vir ons so die nuwe lewe verdien het. Daaruit volg dat ons in teenspoed geduldig en in voorspoed dankbaar moet wees (HK v/a 28).

*Sing: Psalm 63-2:1*
*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*